WABA | WÊRELD BORSVOEDINGSWEEK 2026

# Borsvoeding vir 'n Volhoubare Begin in die Lewe: **Versterk Wat Werk**

1–7 Augustus

#WBW2026 sal daarop fokus om vordering te meet en die impak van borsvoeding op voedingstatus, voedselsekuriteit, en vermindering van armoede te meet; sowel as fokuspunte op suksesvolle implementering en lesse wat geleer is. Teikengehore sluit in rolspelers in die Warm Ketting van Ondersteuning vir Borsvoeding; siviele gemeenskapsorganisasies, regerings, beleidsvormers, gesondheidsisteme, werksplekke, gemeenskappe, en ouers sal in gesprek tree om bewese oplossings te versterk, ten doel borsvoedingsbeskerming, -bevordering, en -ondersteuning te fasiliteer. Die tema belyn met die tematiese area 1 van die WBW-SDG 2030 veldtog.







Ons nooi almal - regerings, gesondheidsisteme, werksplekke, siviele gemeenskapsorganisasies, gemeenskappe, en individue - om by ons aan te sluit in die evaluering van wat goed werk in lande wat goeie borsvoedingsvordering rapporteer. Om vordering te meet en te evalueer in elke land sal ons help bepaal wat die belangrike elemente van borsvoedingsondersteuning behels.

### Lig mense in

van die belangrikheid daarvan om vordering in borsvoeding te meet.

### Vestig

borsvoeding implementering deur beleide en riglyne regdeur die Warm Ketting.

### Tree in gesprek

met individue en organisasies om samewerking en ondersteuning vir borsvoeding te bevorder.

### Versterk

aksies om die beskerming, bevordering en ondersteuning van borsvoeding te verbeter, en om gebruik te maak van lesse wat geleer is.

WABA

*World Alliance for Breastfeeding Action (WABA)* is 'n globale netwerk van individue en organisasies wat toegewyd is tot die beskerming, bevordering, en ondersteuning van borsvoeding wêreldwyd, gebaseer op die Innocenti Verklarings, die Tien Skakels vir Versorging van die Toekoms, en die WHO/UNICEF Globale Strategie vir Baba en Jong Kind Voeding. WABA is in konsultasiestatus met UNICEF en is 'n NGO in Spesiale Konsultasie Status met die Ekonomiese en Sosiale Raad van die Verenigde Nasies (ECOSOC). WABA koördineer die jaarlikse Wêreld Borsvoedingsweek veldtog.

WABA, PO Box 1200 10850 Penang, Malaysia | E-pos: wbw@waba.org.my | Webstuiste: www.worldbreastfeedingweek.org